

Vrydag 17 Januarie

Skrifgedeelte: 1 Kronieke 2:1-16, 48-50; Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 28

Fokusgedeelte: 1 Kronieke 2:49

Sluit by die ware kerk aan en bou die medegelowiges op!

Jy is mos 'n gelowige deur die genadige werking van die Heilige Gees. En jou naam is mos in God se register opgeskrywe omdat jy van God se geslag is wat Hy in Christus kom soek het. Sondag 7 van die Heidelbergse Kategismus leer: Slegs diegene wat deur 'n ware geloof in Christus ingelyf is en al sy weldade aangeneem het, is salig. Jy aanvaar God se Woord as vasstaande en jy vertrou die evangelie dat God uit loutere genade op grond van Christus vergewing van sondes, geregtigheid en saligheid geskenk het.

Hierdie geslag van God en verlostes is verplig om hulle by die ware kerk van God, die versameling van verlostes, aan te sluit en hulle daarmee te verenig en die eenheid daarvan te bewaar (Ef. 4; NGB 28). En hulle doen dit volgens die gawes wat God vir hulle gegee het om die medegelowiges op te bou.

In 1 Kronieke 1 – 9 lees ons van die name van die kerk tot met die terugkeer uit die Babiloniese ballingskap. Telkens lees ons so-en-so is die seun van die-en-die. Maar in 1 Kronieke 2:49 lees ons van Agsa (“Aksa”, 1983-vertaling), die *dogter* van Kaleb. Tussen 'n klomp seunsname staan hierdie dogter se naam uit.

Kaleb – een van daardie spioene wat Moses gestuur het om die Beloofde Land te gaan verken – het met 'n vaste vertrouwe verslag gelewer dat die Israëliete met die krag van God die Kanaäniete kán verslaan. Hierdie geloofswaarheid het hy sy dogter geleer. Sy het by die versameling van verlostes (die ware kerk) aangesluit en God se Woord as vasstaande aanvaar en ten volle op God vertrou.

Jare later trou sy met 'n gelowige man, Otniël. Sý naam beteken “die HERE is my sterkte!”, en met sy vertrouwe op die HERE verslaan hy vir Debir. Ná die dood van Josua en Kaleb word Otniël die eerste rigter. Rigters 3:10 vertel dat die Gees van die Here op hom was en daarom kon hy die vyand verslaan en die kerkmense weer teruglei na God toe.

Jóú naam staan mos ook in God se register. Verenig jy jou met God se kerk? Dien jy jou medegelowiges tot opbou van die geloof? Leer jy jou seuns en dogters van die waarhede van die geloof?

Sing: Psalm 128-1:3

Ds. AH Stavast (Arie) (Kroonstad)